**13 MAART** **SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 18:21-35 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 18:21-22**
**HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 51**

## Die diens van vergewing

“Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe?”

Met die stel van hierdie spesifieke vraag is dit duidelik dat Petrus met die grens wat daar aan vergewing sou wees, geworstel het – ‘n saak wat al in die Ou Testament uitgespel is dat dit drie keer sou wees. Petrus suggereer egter ‘n bietjie meer toegeeflike reëling hieromtrent. Waarom Petrus spesifiek die grens vir “vergewe” wou opstoot, word nie in die gedeelte duidelik gemaak nie. ‘n Mens sou kon aanneem dat sy belewing om aan Christus gebind te wees, die besef meegebring het dat drie keer net nie meer werk vir die Nuwe-Testamentiese gelowige nie.

Die antwoord wat Petrus kry op sy vraag, moes hom ietwat onkant gevang het. Christus sê: “Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.” Wat hieruit duidelik word, sonder om op die getalle as sodanig in te gaan, is dat Christus ‘n lewenswyse van “vergewe” aan Petrus voorhou. Hier is nie sprake van boekhou van drie, sewe of meer nie, maar wel ‘n lewenswyse van, soos dit ook genoem word, “die diens van vergewing”.

Die werklikheid is dat ‘n mens wat eenmaal van God vergiffenis ontvang het, nie dieselfde bly nie. Anders gestel – die gelowige is volkome, oorvloedige en onvoorwaardelike vergiffenis aan sy medemens verskuldig as ‘n bevestiging van die volkome, oorvloedige en volmaakte vergiffenis wat hy van sy God in Christus ontvang en waarvoor hy by name in die vyfde bede van die Onse Vader bid.

*Sing: Psalm 130:2 (Eerste beryming)* *Ds Hendrik de Beer (Pretoria-Meintjeskop)*